# HOOFSTUK 4

## Resultate van empiriese studie

### 4.1 Inleiding

Kennis rakende die emosionele intelligensievaardighede van die kleuter tydens die kleuterstadium in `n speelgroep, asook manier en metodes hoe hulle gedrag moontlik vanuit die gestaltbenadering deur middel van spelterapeutiese tegnieke aangespreek kan word, is nagevors in die voorafgaande literatuurstudie, wat in hoofstuk twee en drie bespreek is. Die kennis en metodes word in die hoofstuk benut ten einde die empiriese studie te kon loods.

Hierdie hoofstuk stel ten doel om die empiriese gegewens rondom die aanspreek van die emosionele intelligensievaardighede van kleuters in `n speelgroep weer te gee. Die intervensieprogram van Blom et al. (2004:16-48); Blom (2004a) wat op gestaltterapeutiese tegnieke gebaseer is, is uitsluitlik gebruik tydens die intervensie sessies. Die doelstellings en doelwitte van elke sessie is volledig uiteengesit in hoofstuk drie. (Vergelyk 3.8.5.) Die resultate van die data wat met die waarnemingsinstrument as voor- en natoets in die studie benut is, is geanaliseer en geïnterpreteer.

### 4.2 Doelstelling en doelwitte van die studie

#### 4.2.1 Doelstellings

Die doelstelling van hierdie studie is om te bepaal wat die impak van emosionele intelligensievaardighede is wat aan die kleuter binne `n speelgroepsituasie en met behulp van spelterapeutiese tegnieke, oorgedra kan word.

#### 4.2.2 Doelwitte

- Om `n kennisbasis op te bou oor:
    - uitgangspunte aangaande emosies en kommunikasie as subveld van lewensvaardighede teen die agtergrond van emosionele intelligensie;

  - emosionele intelligensievaardighede met betrekking tot die kleuter in `n speelgroep;
  - gestaltspelterapeutiese tegnieke wat benut word om emosionele intelligensie vaardighede aan die kleuter oor te dra; en
  - meting van emosionele intelligensievaardighede by die kleuter.
- Om ‘n empiriese ondersoek te doen waar spesifieke emosionele intelligensie-vaardighede met behulp van spelterapeutiese tegnieke binne `n speelgroep aan kleuters oorgedra was.
- Om te meet wat die impak van `n spelterapeutiese emosionele intelligensie-vaardigheidsprogram op die kleuters is.
- Om gevolgtrekkings en aanbevelings oor die benuttingswaarde en die impak van emosionele intelligensievaardighede op kleuters, te maak.

**4.3 Hipotese vir die studie**

Indien emosionele intelligensievaardighede met behulp van `n emosionele intelligensie-vaardigheidsprogram ondersteun deur spelterapeutiese tegnieke aan `n kleuter in `n speelgroep oorgedra word, sal die kleuter se emosionele intelligensie verhoog.

**4.4 Navorsingsmetodologie**

Die doel van die navorsing is verkennend van aard. Navorser se doel is om op hoogte te kom van die basiese feite van emosionele intelligensie en emosionele vaardighede, veral by kleuters en die impak daarvan op die kleuter binne `n speelgroep, te verken. Die navorsing bevat egter ook ‘n element van ‘n beskrywende aard. Hierdie studie is geklassifiseer as toegepaste navorsing. Dit is gerig op die benutting van bestaande tegnologie en kennis om verandering te weeg te bring.

Die navorser poog in die studie om deur middel van die reeds ontwikkelde program van Blom et al. (2004:16-48); Blom (2004a) die respondente in staat te stel om hul emosionele intelligensievaardighede te verhoog tydens die bywoning van `n speelgroep. Daar is dus gepoog om die kleuters se emosionele intelligensievaardighede te verhoog om sodoende

University of Pretoria etd – Fourie, B (2006)

beter sosiaal aan te pas en te funksioneer binne sy/haar omgewing en met sy/haar verhoudings.

Vir die doel van hierdie studie het navorser die kwantitatiewe benadering in terme van gestruktureerde waarneming aan die hand van `n selfontwerpte meetinstrument gebruik, naamlik die waarnemingsinstrument (Bylaag 2 en Bylaag 3).

Data is ingesamel deur waarneming tydens die terapeutiese sessies en veldnotas is gemaak. Die waarnemingsinstrument is as voor- en natoets deur beide die vaders en moeders van die respondente (Bylaag 2) en navorser (Bylaag 3) voltooi. Die navorser het die inligting vir die voor- en natoets met die respondente bespreek en namens hulle op die waarnemingsinstrument (Bylaag 3) ingevul. Alhoewel die inhoud van die vrae van die waarnemingsinstrument dieselfde was, was daar verskillende waarnemingsinstrument vir die ouers (Bylaag 2) en respondente (Bylaag 3) gebruik. Die verskille het by die ouderdomsgepastheid van kleutertaal gekom. Die intervensie is binne groepsverband gedoen, en hoewel die meting van die impak van die intervensie wat aangebied is, individueel gedoen was word die resulate in groepsverband bespreek.

Die navorser het al agt voorskoolse kleuters van Houtkapper speelgroep in Heidelberg wat volgens wetgewing skoolpligtig is in 2006, as respondente by die studie betrek, om die groep se emosionele intelligensie vordering te bestudeer. Die emosionele intelligensie-vaardigheidsprogram soos in 3.8.5 uiteengesit, is net so aangebied in die twaalf intervensie sessies. Al agt die respondente was by al die sessies teenwoordig.

Vir die analisering van die data is basiese beskrywende statistiek gebruik wat volgens persentasies weergegee is. ‘n Rekenaar was benut vir die analisering van die data. Tabelle en grafieke is gebruik vir die statistiese voorstelling daarvan. Die waarnemings-instrument en die analisering daarvan is betroubaar en geldig. (Vergelyk 1.7.2.)

**4.5 Bespreking en interpretering van empiriese bevindinge**

Die eerste nege oop vrae van die waarnemingsinstrument (Bylaag 2 en Bylaag 3) handel oor die persoonlike inligting van die respondente. Dit dien as agtergrondinligting

aangaande die respondente en die resultate was baie uiteenlopend. Om die integriteit van die intervensieprogram van Blom et al. (2004:16-48); Blom (2004a) te behou en omdat dit nie die doel van hierdie navorsing is om gevallestudies te bespreek nie, of om Blom et al. (2004:16-48); Blom (2004a) se program te evalueer nie, sal die verloop van elke sessie nie in detail bespreek word nie.

Vervolgens word die ouers se waarneming van die respondente tuis en die navorser se waarneming van respondente in die skool met kleuters se insette in verband met die oop vrae in Tabel 4.1 weergegee:

Tabel 4.1 : Resultate van waarnemingsinstrument – oop vrae

| **RESULTATE VAN WAARNEMINGSINSTRUMENT – OOP VRAE** | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Ouers** | **Respondent** |
| Beskrywing van Respondent:<br>• Persoonlikheid | Voortoets<br>• teruggetrokke<br>• eiesinnig<br>• manipulerend<br>• vriendelik<br><br>Natoets<br>• weet wat hy/sy wil hê<br>• liefdevol<br>• goeie humorsin<br>• opgewek<br>• staan hulle man | Voortoets<br>• teruggetrokke<br>• vriendelik<br><br>Natoets<br>• deursettingsvermoë<br>• liefdevol<br>• goeie humorsin<br>• opgeruimd |
| Beskrywing van Respondent:<br>• Voorkeure | Voortoets<br>• ouers beskryf kleure, klere en kos voorkeure<br><br>Natoets<br>• respondente hou daarvan om met maatjies te speel, tuis of by die maatjie se huis | Voortoets<br>• speel met maatjies<br>• rustig te wees<br>• hou van roetine<br><br>Natoets<br>• sosialisering |
| Beskrywing van Respondent:<br>• Afkeure | Voortoets<br>• hou nie van bakleiery nie<br>• onseker | Voortoets<br>• hou nie daarvan wanneer hul nie met mekaar wil speel nie |

| | | |
|---|---|---|
| Beskrywing van Respondent:<br>• Afkeure | Natoets<br>• hou nie van konflik nie<br>• hou nie daarvan as iemand vir hom/haar skreeu nie | Natoets<br>• hou nie van konflik nie<br>• onregverdigheid<br>• sê as daar nie van iets gehou word nie |
| Beskrywing van Respondent:<br>• Belangstellings | Voor- en natoets<br>• dogters speel pop<br>• visvang saam met pa<br>• rekenaar- en videospeletjies<br>• troeteldiere<br>• vliegtuie | Voor- en natoets<br>• dogters speel pop<br>• visvang saam met pa<br>• rekenaar- en videospeletjies<br>• troeteldiere<br>• vliegtuie |
| Gesinsdinamika | Voor- en natoets<br>• uiteet<br>• fliek<br>• inkopies doen<br>• buitelugaktiwiteite soos kampeer, stap en braai | Voor- en natoets<br>• uiteet<br>• fliek<br>• inkopies doen<br>• buitelugaktiwiteite soos kampeer, stap en braai |
| Om van ouers weg te wees | Voortoets<br>• respondente hou nie daarvan om weg te wees van ouers nie, maar sal by grootouers slaap<br>• huilerig<br><br>Natoets<br>• sal makliker by maatjies gaan speel | Voortoets<br>• respondente hou nie daarvan om weg te wees van ouers nie, maar sal by grootouers slaap<br><br>Natoets<br>• sal makliker alleen by maatjies gaan speel en kuier<br>• geniet dit by die speelgroep |
| Dissiplinehantering deur die ouers | Voortoets<br>• die moeders praat meer wanneer gedissiplineer word teenoor die vaders wat strenger optree<br><br>Natoets<br>• respondente gee verbaal deur waarvan hulle nie hou nie | Voortoets<br>• omdat daar roetine en reëls in die ouerhuise is, word dissipline maklik in die speelgroep aanvaar en hanteer<br>• die moeders praat meer wanneer gedissiplineer word teenoor die vader wat strenger en ferm optree<br><br>Natoets<br>• respondente verwoord wanneer hulle nie saamstem nie |
| Wanneer is respondent gelukkig | Voortoets<br>• meeste van die tyd gelukkig | Voortoets<br>• meeste van die tyd gelukkig |

| | | |
|---|---|---|
| Wanneer is respondent gelukkig | Natoets<br>• kry meer samewerking<br>• behulpsaam<br>• minder buierig<br>• sing en fluit<br>• lieftallig<br>• borrelend | Natoets<br>• gesels baie, sing, is vrolik en opgewek<br>• aanvaar uitdaging<br>• speel<br>• borrelend<br>• goeie humorsin |
| Belewenis van kwaadwees | Voortoets<br>• buierig<br>• "tantrums"<br>• onttrek<br>• "sulk", raas en skree<br>• aggressief<br><br>Natoets<br>• verbale kommunikasie en uitdrukking gee aan dit wat hinder | Voortoets<br>• slaan en klap aan mekaar<br>• buierig<br>• gefrustreerd<br>• vermakerig<br><br>Natoets<br>• verbale kommunikasie en uitdrukking gee aan dit wat hinder<br>• probleemoplossend optredes<br>• vergewe en vergeet makliker |
| Gevoelens rondom bangwees | Voortoets<br>• histeries<br>• huierig<br>• senuweeagtig<br><br>Natoets<br>• huil maar sê waarvoor bang is | Voortoets<br>• gespanne<br>• onseker<br><br>Natoets<br>• verwoord waarvoor bang is |
| Optrede wanneer hartseer | Voortoets<br>• huil<br>• onttrek<br><br>Natoets<br>• huil<br>• soek vertroosting<br>• verbaliseer die situasie | Voortoets<br>• liggaamshouding en optrede<br>• huil<br><br>Natoets<br>• uitdrukking deur liggaamshouding<br>• verwoord waaroor hartseer voel |
| Hantering van ander emosies | Voortoets<br>• jaloesie<br>• onvergenoegd<br>• aandagtrekkerig<br>• neulerig<br><br>Natoets<br>• jaloesie<br>• trots<br>• manipulerend<br>• baasspelerig<br>• geïrriteerd<br>• vermakerig<br>• empatie met maats | Voortoets<br>• terg<br>• aandagsoekerig<br>• skaam<br>• beredenering<br><br>Natoets<br>• jaloesie uitdruk<br>• trots<br>• ontevredenheid<br>• verdraagsaam<br>• empatie met maats<br>• uitbreiding van emosionele woordeskat |

Soos in Tabel 4.1 gesien kan word, is die resultate subjektief en kan daar dus nie `n wetenskaplike gevolgtrekking van gemaak word nie. Die waarde van die inligting is egter dat daar kennis aangaande die respondente bekom is om sodoende die respondent beter te leer ken in sy/haar huislike milieu. Uit die resultate is dit wel duidelik dat die program die kleuters bemagtig het om verbale uitdrukking aan emosies te gee en van ander se emosies bewus te word. Verdere interpretasie word onder persoonlik en interpersoonlike komponente bespreek.

Die tweede gedeelte van die waarnemingsinstrument versamel inligting aangaande die emosies van die respondente. Hierdie inligting is deur middel van die geslote vraagtegniek bekom en het uit agt en veertig vrae bestaan. Die resultate van die inligting ten opsigte van die individuele respondente word in Tabel 4.2 weergegee.

Tabel 4.2 : Resultate van waarnemingsinstrument – geslote vrae

| **RESULTATE VAN WAARNEMINGSINSTRUMENT – GESLOTE VRAE** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Voortoets** | | | **Natoets** | | |
| **Respondent** | **Vader** | **Moeder** | **Respondent** | **Vader** | **Moeder** | **Respondent** |
| **K** | 73.4 | 68.8 | 74.5 | 78.1 | 74.5 | 87.0 |
| **A** | 78.1 | 68.2 | 82.3 | 83.9 | 73.4 | 83.3 |
| **M** | 78.1 | 70.3 | 83.3 | 77.6 | 75.5 | 82.2 |
| **P** | 83.9 | 74.0 | 85.9 | 81.3 | 73.4 | 90.6 |
| **I** | 84.4 | 71.9 | 82.3 | 86.5 | 77.1 | 91.1 |
| **O** | 75.0 | 79.2 | 80.2 | 77.6 | 81.8 | 88.0 |
| **E** | 67.7 | 81.8 | 75.5 | 75.5 | 76.0 | 88.5 |
| **N** | 90.6 | 81.8 | 81.8 | 87 | 80.7 | 90.1 |
| **Gemiddeld** N=8 | **78.9** | **74.5** | **80.7** | **80.9** | **76.6** | **88.9** |

Soos blyk uit Tabel 4.2 het die vaders die emosionele intelligensievaardighede van die respondente met die voortoets as 78,9 persent geëvalueer. Die natoets se persentasie was 80,9 wat `n verbetering van 2,5 persent aandui. Die moeders het die respondente op

74,5 persent met die voortoets geëvalueer en met die natoets op 76,6 persent wat `n verhoging van 2,8 persent is. Die respondente en navorser het hulleself gemeet op 80,7 persent en 88,9 persent vir voor en natoets onderskeidelik. Dit verteenwoordig `n verbetering van 10,2 persent.

Emosionele intelligensievaardighede bestaan uit persoonlike en interpersoonlike komponente. (Vergelyk 3.8.)

**Persoonlike komponent**

Persoonlik komponente verwys na aspekte wat te doen het met die respondent se emosionele verhouding met hulself; dus selfbewussyn en die emosionele bestuur en beheer daarvan.

**4.5.1 Selfbewussyn**

Tydens die sessies was daar aandag gegee aan die respondente se selfbewussyn wat die heel basiese komponent van emosionele intelligensie is. Aandag is gegee aan die bewuswording van verskillende emosies. Die respondente het deur die handpop (sessies 1, 7, 8 en 11) geleer om bewus te word van verskillende emosies soos gelukkig, kwaad, bang en hartseer. Verskillende maniere om die emosies te bestuur is aangeleer soos om byvoorbeeld tot tien te tel wanneer jy kwaad word.


Die voordele van gedramatiseerde spel (vergelyk 3.6.3) het gedurende sessies ses en elf duidelik na vore gekom tydens die benutting daarvan. Volgens Geldard & Geldard (2002:140) raak die kleuters deur handpopspel betrokke by die dialoog van die storie. (sessie 1, 3, 7, 8 en 11.)

Die benuttingswaarde van die handpoppe was duidelik met respondente waargeneem. K het met die vertel van die storie gedurende die sessie met die beertjie geïdentifiseer en met hom gesels en vrae gevra van hoe oud hy is, en oor sy familie uitgevra asof dit `n maatjie is. Vanweë die respondente se fantasiestadium speel die handpoppe `n belangrike rol. N het in sessie drie vir beertjie gegroet en gevra hoe dit gaan en wanneer sy sussie kom kuier.

Deelname aan musiekaktiwiteite kan positiewe selfbeeldontwikkeling stimuleer. (Vergelyk 3.6.5.) Met die speel van musiek tydens sessies een, drie, vyf, sewe en twaalf het die respondente hul gevoelens uitgebeeld, vasgestel en verbaal weergegee.

Respondente het deur die speel van instrumente hul emosies van gelukkig, ongelukkig, kwaad, bang en hartseer verbaal en nie-verbaal openbaar. Sodoende is situasies en gevoelens bymekaar gepas en kon die respondente meeleef. Die respondente dans saam, lag en klap hande op maat van die vrolike musiek, maar kon ook gevoelens van kwaad en bang uitbeeld, meeleef en mimiek op maat van die musiek. Deur musiek word die respondente bewus van die verskillende gevoelens van mense wat hulle in dieselfde situasies bevind. Met die speel van musiek het die respondente nie almal dieselfde emosies aan dieselfde musieksnit geheg nie, tog kon emosies hanteer en geëksploreer word.

Figuur 4.1 : Emosionele intelligensievaardigheid – Gelukkig n=8




Figuur 4.1 dui aan dat volgens die vaders die respondente met die voortoets 82,4 persent en die natoets 83,2 persent gelukkig is. Die moeders se belewenis was dat die respondente 81,6 persent gelukkig is met beide die voor- en natoets. Die respondente self het met die voortoets 76,2 persent geluk aanduiding gehad met `n 12,8 persent styging na 85,9 persent met die natoets. Dit blyk te wees dat die respondente deur die deelneming

aan die program bemagtig is en meer in beheer van hulle emosies gevoel het. Oaklander (1998:282) en Schoeman (1996:180) wys op die waarde van bemagtiging terwyl Blom (2004b:46) die mening onderskryf naamlik: “empowering children is a way of improving their emotional control.” Oor die algemeen beleef respondente dit dat hulle gelukkig is soos blyk uit Figuur 4.1.

In die literatuur wys Botha et al. (2001:272) daarop dat kleuters op `n spontane wyse uiting gee aan hulle emosies wanneer hulle gelukkig is en hulle vreugde en opgewondenheid toon. Dit het duidelik na vore gekom voor en tydens die sessies met die agt respondente. Positiewe emosies soos huppel, saam dans en lag met die musiek het veral gedurende die voorbereiding en eerste sessie duidelik geblyk. Respondent I het soms voor `n sessie opgewonde haar hande geklap en getrippel terwyl sy afwagtend gevra het wanneer daar begin word.

Bordspeletjies kan suksesvol benut word by die aanleer van sosiale vaardighede. (Vergelyk 3.6.1.) Van die sessies was begin met bordspeletjies wat bygedra het tot samewerking, wedersydse vertroue en beplanning.

Instinktiwiteit leer die kleuters dat voëls vlieg, visse swem, netso dat mense kan voel. Sensoriese kontakmaking (sessie 2) word verbeter deur te sien, te proe, te ruik, te hoor en te voel. Dus was daar in die sessies gebruik gemaak van sensoriese kontakmaak tegnieke vir die verbetering daarvan. Al die respondente het dit baie geniet en positief beleef. Tipies van kleuters, was om te proe die gunsteling.

Klei gee aan kleuters selfvertroue en `n gevoel van beheer en mag word ervaar wanneer klei hanteer word. (Vergelyk 3.6.8.) Dus was klei gebruik om “the feelings tree” (sessie 2) te maak waardeur emosies soos gelukkig, kwaad, bang, en hartseer bespreek was. Die respondente se gevoelens het na vore gekom met die plak van die gekleurde vrugte op die boom en so was gevoelens daaraan gekoppel. Die respondente se kennis is verbeter ten opsigte van waar gevoelens vandaan kom.

Tydens sessie ses het die respondente aangedui dat wanneer hulle kwaad is, hulle hul vuiste bal of dat trane uit hulle oë kom wanneer hulle hartseer is. Die respondente het dus bewus geword dat emosies sekere fisiese reaksie in die liggaam te weeg bring en leer om redes daarvoor te verskaf. Deur die gebruikmaking van spieëls in sessie vier is gevoelens en emosies asook die verbintenis met die liggaam na vore gebring. Die tegnieke bevorder selfbewussyn. (Vergelyk 3.8.1.) Deurdat die respondente na hulleself in die spiëel kon kyk en kon vertel wat hulle sien, kon die gevoelens uitgebeeld en verwoord word. (Vergelyk 3.6.4.)

Die respondente is geleer om te sê hoe hulle voel. Dit bevestig verdere bevordering van selfbewussyn volgens Blom (2004a:8) dat vaardighede nodig is soos om oor `n emosionele woordeskat te beskik, gevoelswoorde te bespreek en aan te leer. (Vergelyk 2.5.4 en sessie 3.) Met die aanvang van die intervensieprogram het die respondente telkens gevra wat `n woord beteken of `n gesig getrek wanneer hulle nie geweet het wat `n bepaalde emosies is nie. Veral M het telkens gevra as hy nie geweet het wat die emosie is wat genoem was nie. Met die natoets het dit geblyk dat die respondente hul emosies kon verbaliseer en begin bestuur soos blyk uit Figuur 4.6.

Tydens sessie drie is die respondente se kennis van hoe om gevoelens beter uit te druk, verbreed deurdat die respondente gevra was om te kies watter dier op die plakkaat hulle graag sou wou wees. Hierdeur is kennis van die gevoelservaring bekom en die respondente se bewustheid van hoe om gevoelens uit te druk, verbeter deurdat hulle kon sê waarom die diertjie so lyk en voel soos die onderstaande aandui:

- P wou die groot kwaai beer wees, sodat sy boetie vir hom kan bang wees. Dit maak hom kwaad wanneer sy boetie hom bang maak. Hy gaan dan na sy kamer en slaan die deur so hard moontlik toe. Die ander respondente antwoord dat hy nie sy kamerdeur moet toeslaan nie, maar eerder in die kamer gaan sit en dink totdat hy beter voel. Anders moet P vir sy mamma sê wanneer sy boetie hom bang of kwaad maak. Respondente is as groep ook by probleemoplossing betrek.
- N het van die seekoei gehou, want sy lyk net so vriendelik en gelukkig soos wat syself is.

- O wou die krokodil wees, wat almal kan opeet. Sy boetie en nefies pla hom baie. Hy is die jongste en kan homself nie teen hulle verdedig nie. Die krokodil kan hulle opeet.
- K meen die vlinder, om net so mooi te wees en te kan wegvlieg soos die vlinder.

Die respondente is gehelp om ander emosies te identifiseer. Teenstrydige emosies soos om die ervaring van liefde en woede op dieselfde tydstip te begryp, is aan die respondente verduidelik. Die voorbeeld van dissipline was voorgehou aan die respondente byvoorbeeld alhoewel mamma met julle raas is sy tog lief vir julle.

Verder komplekse emosies omsluit skaamte, verleentheid, skuldgevoelens, trots en jaloesie, asook om berou te toon. Scholl (2005:1) voeg hierby verdere emosies soos teleurstelling, opgewondenheid, verveling en frustrasie. Wanneer die kleuters komplekse emosies ervaar, kan liggaamlike reaksie die emosies weerspieël. (Vergelyk 2.3.4; asook Tabel 4.1 die hantering van ander emosies.) Tydens die sessies het navorser die volgende liggaamlike reaksie by die respondent waargeneem en was dit aan die respondente uitgewys:

- die gesig word rooi (bloos) as die respondente skaam word soos byvoorbeeld wanneer O voor al die respondente iets moet sê.
- K kon weergee dat wanneer iemand jaloers is hy graag iets wil hê wat die ander persoon het. Jy word kwaad of hartseer en is lelik met daardie persoon.

Deur die bewuswording van emosies het die respondente selfkennis en kennis van eie sterktes en beperkinge van emosionele vaardighede opgebou; en ook bewus geword van eie behoeftes en wyses om dit te bevredig. Soos met die natoets in Tabel 4.2 ook aangedui word.

Daar was voortdurend met respondente gepraat oor die feit dat keuses uitgeoefen kan word met betrekking tot die wyse waarop emosies uitgedruk word, en die gevolge van die keuses. Respondente is geleer om verantwoordelikheid te neem vir die keuses wat hulle uitoefen (3.8.2.) Die respondente het ondervind dat indien een nie saam met sy/haar

maatjie wil speel nie, dit sy/haar keuse is, maar dat hy/sy ook die verwoordelikheid moet dra dat die ander respondente sonder hom/haar speel en hy/sy eers weer moet vra om saam te kan speel.

Die volgende vlakke van bewussyn (vergelyk 2.4.5) is tydens die sessie waargeneem by die respondente:

- Uit die voortoets kon daar afgelei word dat van die respondente baie fisiese sensasies beleef, terwyl hulle nog nie bewus was van hulle emosies nie. E het byvoorbeeld aangedui dat hy baie kere maagpyn kry wanneer hy bang voel. I sou dikwels sê sy voel naar terwyl daar nie werklike fisiese simptome is nie.
- Verder is daar voor die intervensieprogram opgemerk dat die respondente primitiewe ervarings van emosies het. Die respondente is bewus van emosies, maar `n verhoogde vorm van versteurde energie is ervaar en gevoelens kon nie geverbaliseer word nie. Die respondente stamp en slaan aan mekaar, terwyl hulle nie kon verwoord hoe hulle omtrent `n situasie voel nie.
- Tydens die sessies is die vlak van verbale versperring waargeneem en is daar aandag gegee om emosionele woordeskat aan te leer. `n Kleuter wat nog nie oor emosionele bevoegdheid beskik nie, sal vir `n persoon antwoorde op vrae verskaf, op grond van wat hy/sy dink die persoon wil hoor, of wat van hom/haar verwag word, net sodat hy/sy verder kan gaan speel. (Vergelyk 2.4.2.) K kan presies weergee wat tydens die sessie geleer is, maar kon dit nie toepas nie.
- Tydens die intervensieprogram is die differensiasievlak waargeneem. Respondente raak bewus van die verskil tussen basiese emosies en begryp dat dit in verskillende intensiteite kan voorkom.
- Die vlak van oorsaaklikheid is bemeester waar die respondente begin om die aard van gevoelens te verstaan en in staat is om redes aan gevoelens te koppel. Die respondente kon duidelik hulle emosies verwoord en benoem, asook redes daarvoor aanvoer. Na die program kon N sê dat sy kwaad word wanneer haar broer haar terg. K kon vertel dat sy baie hartseer gevoel het toe haar voëltjie dood is.

University of Pretoria etd – Fourie, B (2006)

- Empatie en interaktiwiteit waartydens respondente bewus is van hulle eie emosies asook die emosies van andere en dat hierdie eie en andere se emosies bestuur kan word, het verhoog soos aangedui in Figuur 4.5.

Tydens sessie vier het die respondente deur te speel, dit beleef dat hul gevoelens deel van hul liggaam is. Hierdeur is gedemonstreer dat gevoelens in lyftaal gelees kan word. Die respondente beleef emosies deur hul voete. M se opmerking was dat hy nie geweet het dat gevoel weergegee kan word deur die wyse waarop geloop word nie. Wanneer jy hartseer is, sleep jou voete en loop mens stadig, of as jy kwaad voel kan jy jou voete stamp.

Deur die gebruikmaking van prente van liggaamshoudings wat persone kan inneem en die bespreking daarvan, is die respondente gehelp om verskillende gevoelens aan die liggaamlike uitdrukking daarvan te koppel. Daar is waargeneem hoe die houdings lyk en op welke wyse emosies deur die liggaam uitgedruk word. Die respondente druk "kwaad" baie goed uit deurdat die volgende gewys word: A bal sy vuiste, P kners op sy tande, K frons en lyk baie kwaad met gevoude arms, N blaas haar wange op, E bal sy vuiste en bewe met sy hele liggaam.

Waar in die liggaam verskillende emosies ervaar word en dat elke emosie `n fisies kontakpunt in die liggaam het, was bespreek en geleer. (Vergelyk 2.3.4.) Haiku-oefening bevorder bewustheid van die self. (Vergelyk 3.6.4.) `n Haiku-oefeninge met sinsnedes was hardop voorgelees, waarna die kleuter spontane bewegings uitvoer. Hierdie bewegings moet die woorde wat hy/sy gehoor het, veronderstel. Die respondente kon die gevoelens verwoord en selfs die liggaamsreaksies weergee.

Om te ontdek hoe kleuters verskillende gevoelens uitdruk, was daar gebruik gemaak van "Outline drawings" van Turner (in Kaduson & Schaefer, 1997:108-113) gedurende sessie vyf. Die respondente het goed hiermee geidentifiseer deurdat M dadelik geantwoord het dat die seuntjie hyself is. Hy kon deur die figuur te voltooi en te vervolmaak, sy gevoelens ontdek en uitdruk. Hierdeur blyk dus dat die mening van Schoeman (1996:67) onderskryf word dat die bewustheid van die self gefasiliteer word deur die kleuter wat hulleself teken.

University of Pretoria etd – Fourie, B (2006)

Deur in polariteite te werk, is die kleuters gevra om die positiewe en negatiewe karaktereienskappe van hulleself te identifiseer. Dit bring hulself in kontak met die self en eie gevoelens wat tot insig in die projektering daarvan kan lei (Oaklander, 1988:284). Dit beteken dus dat die respondente hulle moet kan onderskei van die omgewing om onafhanklik te funksioneer.

### 4.5.2. Emosionele bestuur en beheer

Emosionele bestuur impliseer dat daar oor kennis beskik word van wanneer om emosies eerlik uit te druk en wanneer om die uitdrukking van emosies te onderdruk of selfs te verander, afhangende van die omstandighede en hoe belangrik dit vir die individu is om sy emosies te kan uitdruk (Blom, 2004a:13). Ter bevestiging van Blom se mening blyk dit deur die resultate dat al die vaardighede soos onder 3.8.2 bespreek is, om hulle in staat te stel tot konstruktiewe emosionele bestuur, bereik is.

Respondente wat nie bewus is van watter emosies hulle beleef nie, of die emosies kan verbaliseer nie, kan dus ook nie hierdie emosies bestuur nie. Daarom is dit belangrik dat respondente eers die vaardigheid bekom om bewus te word van hulle emosies, die sterk en die swak punte van hierdie emosies identifiseer, voordat hulle vaardighede kan aanleer om hierdie emosies te bestuur.

Effektiewe strategieë om emosies te bestuur soos deur Stone-McCown (in Blom, 2004a:15) wat die “trumpet process” genoem word, is gevolg. Die respondente kon vanaf die sesde sessie en soos blyk uit die natoets (Figuur 4.6):

- hul eie emosies met navorser deel;
- ervaringe ondersoek deur vrae te vra soos: hoe het ek reageer? Hoe het ek gevoel? Ek is bang vir die monsters op die televisie. Wat het ek gedoen? Ek het my eie slaapdiertjie wat by my slaap en weet dat monsters net op die televisie is;
- patrone is herken: tydens sessie elf is daar na die video-opnames gekyk en kon die kleuters hulle gedragspatrone en optrede waarneem. Daar is vra gevra soos: Was dit my tipiese gedrag? Doen ek dit gewoonlik? Ek slaan of skop gewoonlik my maatjie, dan voel ek beter en in beheer;

- hierdie patrone is aanvaar as sy/haar gedrag;
- die gevolge van die gedrag is oorweeg en bespreek;
- alternatiewe is ondersoek en die volgende vrae byvoorbeeld gevra: ”Wat kan ek nog doen as ek kwaad word?” Verskillende tegnieke van hantering is tydens die sesde sessie beoefen en uitgespeel;
- evalueer deur byvoorbeeld te vra: “Wat sal gebeur as ek hierdie nuwe gedrag toon?”; en
- maak keuses en vra byvoorbeeld: “Noudat ek kan kies, hoe sal ek eerder maak as ek kwaad is?” M gaan kamer toe en bly daar totdat hy beter voel en praat dan met die persoon daaroor.

Die vaardigheid van reflektiwiteit (terugkaatsing) van respondente se emosies is toegepas en dit het gehelp om:

- `n groter emosionele woordeskat te bekom;
- die respondente se emosies te verstaan en te verbaliseer;
- die respondente te leer dat hul emosies nie reg of verkeerd is nie; en
- uiteindelik om effektiewe hanteringstrategieë daarvoor te bekom (Blom, 2004a:16).

Emosionele beheer sluit in die beheer van impulse wat deur emosies ontlok word en wat kan lei tot destruktiewe emosionele bestuur. (Vergelyk 2.3.1.) Skrywers soos Oaklander (1988:221); Goleman (1995:59); en Reber (soos aangehaal deur Botha et al., 2001:276) is van mening dat effektiewe hantering van kwaad een van die algemeenste daaglikse probleme waarmee die hedendaagse voorskoolse kleuters te doen het is, en dat dit die meeste onderdruk word. Dit is dikwels die manier waarop uiting aan ontevredenheid gegee word. Oaklander (1998:221) bevestig dat: “anger is the most feared, resisted, suppresses, threatening emotion – because it is so often the most important and deepest hidden block to one`s sense of wholeness and well-being.” Soos in die literatuur omskryf is daar tekens wat die res van die liggaam weergee soos gebalde vuiste en frons op die voorkop wanneer iemand kwaad voel. (Vergelyk 2.3.4.) Die respondente het hulle eie gevoelens uitgedruk gedurende sessies ses en tien en eie liggaamsuitdrukkings weergegee soos M wat gevra is


om “kwaad” wees uit te druk. Dadelik het hy sy vuiste gebal en mond opgeblaas. Al die respondente kon waarneem dat hy kwaad lyk.

Respondente moet duidelik verstaan dat sy/haar gedrag en nie sy/haar emosies probleme kan veroorsaak. (Vergelyk 3.7.5.) Dit is nie soseer om van “kwaad of woede” ontslae te raak nie, maar om te leer om dit te verwerk. As ons nie in staat was om kwaad te word nie, sou ons nooit agtergekom het as iemand ons mishandel nie. Dit is die doel van “kwaad”. Soos pyn, waarsku kwaad dat iets verkeerd is. Deur die bespreking van die werking van `n vulkaan en hoe onderdrukte gevoelens kan uitbars, het die respondente in sessie ses geleer om woede- uitbarstings te verstaan en te hanteer. Verder was daar aan die hand van die “Balloons of anger” spel van Horn (sessie 6) gewys hoe “kwaad” binne `n mens opgebou word en tot uitbarsting kan kom. Uitbeelding van negatiewe en positiewe optredes van kwaadhantering is gedoen. Die belangrikheid van die manier waarop jy jou optrede en gevoelens hanteer is vir die respondente geleer. Twee reëls wat ten alle tye nagekom moet word, is dat jy niemand insluitende jouself mag seermaak nie en dat jy niks mag breek nie.

Voorbeelde is aan elke respondent gegee van kwaadhantering soos byvoorbeeld tel tot tien, `n kussing slaan, hamer op houtblok slaan, krabbel maak, lepel op kastrol slaan, koerant skeur, klei met vuiste slaan, klei met mes sny, eie kwaad prent teken, hardloop so vinning as moontlik en haal drie keer diep asem. Die voorbeelde is uitgedeel en prakties toegepas met elke respondent wat `n beurt gekry het om dit te demonstreer.

Deur die aanleer van “ek-boodskappe” leer die respondente om te vertel presies hoe hulle voel. (Vergelyk 3.6.6.) Verder kan respondent byvoorbeeld vir hul boetie/sussie sê dat hul kwaad voel wanneer daar met hul baklei word. Navorser meen dat die respondente geleer moet word om die persoon se gedrag aan te spreek en nie die persoon se selfdunk nie. Dit impliseer die aanleer van “ek-boodskappe”. Dit leer ook die respondent die verantwoordelikheid van sy /haar eie gedrag, gevoelens en denke.

Figuur 4.2 : Emosionele intelligensievaardigheid – Kwaad n=8





Uit Figuur 4.2 blyk dit dat die vaders die emosionele intelligensievaardigheid "kwaad" van die respondente op 78,6 persent evalueer in die voortoets en as 82,4 persent met die natoets wat `n 4,8 persent verbetering toon. Die moeders evalueer die respondente se emosionele intelligensie van "kwaad" met die voortoets op 73,4 persent en met die natoets op 75,5 persent. Die respondente evalueer hulle emosionele intelligensievaardighede van "kwaad" as 86,8 persent tydens die voortoets en 95,5 persent tydens die natoets. Daar was dus `n gemiddelde styging van 6,1 persent. Die respondente het ontdek wat hulle kwaad maak. Elke respondent kon sê waaroor hul kwaad word en hul hantering daarvan. Deur die bespreking van die respondente se reaksies wanneer hulle kwaad word, kon die respondente vaardighede aanleer van hoe om woede positief te bestuur. Tydens verdere sessies het M, P en K vertel van die toepassing tuis wanneer hulle kwaad word. Daar word eers gedink wat hulle kwaad maak en dan word dit verwoord. Hierdie is `n goeie voorbeeld van hoe kommunikasie as subveld in hierdie studie by die kleuter ontwikkel is.

Die vaardigheid is bekom om "kwaad" op `n gepaste wyse te bestuur soos blyk uit Figuur 4.2. Blom (2004b:47) wys daarop dat: "the environment does not often allow the child to verbalise emotions such as anger or fear." Dit kan `n rede wees waarom die ouers se waarneming van die voor- en natoets van kwaad (Figuur 4.2) en veral bang (Figuur 4.3)

baie dieselfde is.  Tog blyk dit dat die emosionele intelligensievaardighede van “bang” bevorder is tydens die intervensieprogram soos blyk uit Figuur 4.3.

Figuur 4.3 : Emosionele intelligensievaardigheid – Bang n=8




Volgens Figuur 4.3 het die vaders se perspektief in verband met die emosionele intelligensievaardighede – “bang” van die respondente net 1,2 persent verhoog van 77,5 persent tot 78,4 persent.  Die moeders se belewenis het `n daling getoon vanaf 71,6 persent met die voortoets na 70,9 persent tydens die natoets.  Dit beteken dat die moeders nie heeltemal bewus is van die omvang van die bangwees wat hul kleuters beleef nie.  Die respondente self se belewenis het `n styging van 3,0 persent getoon vanaf 84,7 persent met die voortoets na 87,2 persent met die natoets.  Die gemiddeld was `n styging van 1,2 persent.  Die kleuters is dus meer bewus van die emosie.

Tydens die eerste sessie kon die respondente met hulle gesigte wys hoe dit lyk wanneer hulle bang voel.  Gedurende die tweede sessie is banggevoelens met die liggaam verbind en is tekens soos ‘n vinnige hartklop bespreek.  Van die respondente kon in die sessie, “ek druk my gevoelens uit”, hulle liggaamsreaksies en eie banggevoelens weergee.

Navorsing het bewys dat emosies op gesigte uitgedruk word wat soms nie op `n verbale wyse weergegee kan word nie. (Vergelyk 2.3.4.)  Die respondente kon die uitdrukkings

weergee en kon sê dat wanneer iemand bang is, die hart vinniger klop, hande bewe of dat sweet op die voorkop uitslaan. Tydens die bespreking van prente oor verskillende liggaamshoudings en reaksie (sessie 9) het die respondente baie goeie identifisering gedoen. Hulle kon byvoorbeeld angs in die oë van iemand waarneem wanneer die emosie bang beleef word. Daar is egter tydens die latere sessies duidelik weergegee waarvoor respondente bang word. Soos in die literatuur uitgewys deur Botha et al. (2001:272) is daar by die ouer kleuters `n toename in vrese vir die donkerte, kreature van die verbeelding en vir vuur en water. Die respondente het dit tydens sessie sewe verwoord en was daar geïdentifiseer dat "mummies en monsters" hulle bang maak. Ontwikkelingsgepaste reaksies wanneer hulle bang word is bespreek, asook maniere om vrees te bestuur.


Tydens sessie sewe was dinge wat my bang maak, bespreek en veral P en E kon hulle gevoelens weergee wat ooreenstem met bogenoemde van Botha et al. (2001:272) dat hierdie ouderdom kleuter veral vir kreature van verbeelding bang voel. Al agt respondente het dit duidelik weergegee dat dit vir "playstation" speletjies en "monsters en mummies" op die televisie is waarvoor hulle bang voel. Die hantering van banggevoelens was bespreek. E het dit gaan toepas en tydens sessie agt weergegee dat hy probeer het om die "remote" met mooi prente aan te skakel, maar dit wou nie werk nie. Daar was toe voorgestel dat hy met sy fantasievriend daaroor gesels en die vriend by hom laat slaap.

Die skep van `n veilige plekkie deur fantasievlugte kan vir die kleuter baie gerusstellend wees, waar hy/sy vertroeteling kan aanleer. `n Veilige plek kan `n plek in hulle lewe wees waar hulle glad nie bang is nie en waar niemand hulle kan seermaak nie. (Vergelyk 3.6.9.) Om te weet waarvan elke respondent hou of wat elkeen verkies om hom/haarself mee te vertroetel, was met hulle bespreek. Met die afsluitingsessie het dit geblyk dat E sy banggevoelens begin hanteer deur aan iets wat baie lekker is te dink en so aan die slaap te raak. P se hantering is dat hy dit wat hom bang maak met sy mamma bespreek en dit sodoende verwerk.

Verskillende soorte materiaal soos in 3.6.8 omskryf is: verf, vrye tekeninge, asook prente, teken (3.6.4), en stories (3.6.2) is tydens intervensie gebruik. Tydens sessie agt was daar van `n fantasievriend gebruik gemaak om die emosie "hartseer", te bespreek. So het die

respondente bewus geword van dit wat hulle hartseer laat voel, asook reaksies en maniere om hartseer te bestuur, was geidentifiseer.

Figuur 4.4 : Emosionele intelligensievaardigheid – Hartseer n=8




Die resultate van die waarnemingsinstrument soos in Figuur 4.4 vervat, het getoon dat die vaders die emosie van "hartseer" voor die intervensie op 83,0 persent evalueer en die na intervensie op 86,6 persent. Die vergelykende persentasie van die moeders vir die voortoets is 76,8 persent en vir die natoets is 81,3 persent. Vir die respondente is die resultate vir die voor toets 85,3 persent en vir die natoets is dit 93,3 persent. Die gemiddeld is 81,7 persent vir die voortoets en 87, 1 persent vir die natoets wat `n algehele styging van 6,6 persent verbetering beteken.

Stellings help respondente om verantwoordelikheid vir eie gevoelens, gedagtes en gedrag te neem. Die respondente is gelei om verantwoordelikheid te neem deur byvoorbeeld "ek kan nie" met "ek wil nie" te vervang. (Vergelyk 3.6.6.) Telkens wanneer O sê dat hy nie kan nie, het die ander respondente vir hom gesê dat hy "kan" maar hy "wil" nie. Direkte verbale stelling deur die respondent self, bevorder eie selfwaarde. O het in sessie agt vir M gesê dat hy hom graag wil help met die kousmannetjie. (Vergelyk 2.6.4.)

Tomkins (in Lewis et al., 2000:259) meen dat: "sadness communicates to the self and to others when there is trouble. Sadness may often be the key emotion in the personal distress that plays a key role in empathic, sympathetic and altruistic behavior." Die respondente word gevra om te praat oor tye wanneer hulle hartseer oor iets gevoel het:

- K vertel sy was baie hartseer toe haar voëltjie doodgegaan het.
- M antwoord dat hy ook hartseer voel wanneer sy sussie sy goed stukkend maak.

Die respondente het die liggaamsreaksie van hartseer verwoord naamlik dat as daar gehuil word, trane in die oë is, of die mond trek af. Seuns mag ook huil, want hulle word ook hartseer.

**Interpersoonlike komponent**


Interpersoonlike komponente verwys na aspekte wat te doen het met kleuters se emosionele verhouding met andere soos empatie en die bestuur van andere se emosies.

**4.5.3 Empatie**

Empatie is die vermoë om te onderskei tussen ander se emosies, dit te benoem en dit te bekragtig. Dit is die vermoë om andere se perspektiewe en rolle in ag te neem en die vermoë tot emosionele responsitiwiteit teenoor andere te openbaar. (Vergelyk 3.8.3.)

Empatie is noodsaaklik vir gesonde emosionele ontwikkeling. Empatie beteken letterlik om saam te voel. Respondente is gehelp om eie insig te ontwikkel en dit dan te integreer. Ondersteuning en empatiese begrip is kardinale vaardighede van emosionele intelligensie-vaardighede (Oaklander, 1988:290). Die respondente is aangemoedig om self verantwoordelikheid te neem vir hul eie bewustheidsvlakke. Egan (1998:40) meen dat die terapeut `n aktiewe rol in die skepping van geleenthede waar die kleuters hul eie hulpbronne kan benut, speel. So byvoorbeeld is die respondente geleer om `n slaansak te slaan wanneer hul kwaad word, of om hul ouers te vertel van dit wat hul hinder of kwaad maak.

Figuur 4.5. : Emosionele intelligensievaardigheid –Empatie n=8




Volgens Figuur 4.5 blyk die resultate van die waarnemingsinstrument dat die emosie van "empatie" die grootste persentasie verbetering getoon het as gevolg van die intervensie. Die kleuters het empatie op `n gemiddeld van 67,4 persent voor intervensie evalueer en op 79,5 persent na intervensie. Die vergelykende syfers vir die vaders en moeders voor intervensie is 74,7 persent en 72,2 persent en na intervensie 75,0 persent en 76,4 persent onderskeidelik. Die gemiddelde persentasie is 71,1 vir die voortoets en 77,0 vir die natoets wat `n verbetering van 8,3 persent beteken. Figuur 4.5 toon dat die respondente aangeleer het om ander persone se gevoelens te herken en vaardighede is ontwikkel om ander mense se gevoelens te interpreteer.

Fantasiestories wat as tegniek gebruik was, het soos in die literatuur (vergelyk 3.6.2) weergegee word, vir die respondente alternatiewe probleemoplossende vaardighede ingehou wat aangeleer is. Fantasiestories wat aan die kleuters voorgelees word, kan oor omstandighede waarmee hulle bekend is, eienskappe waarmee geidentifiseer kan word en dit wat hul emosionele intelligensievaardighede bevorder, handel. Vaardighede wat nie teenstrydig met die sosiale en emosionele reëls en norme is nie, is aangeleer. Deur karakters se gedrag, gevoelens, denke, verhoudings, oorsake en gevolge te bespreek, het dit die bewustheid en insig in verband met empatie by die respondente verhoog. Hoe om ander se emosies in ag te neem, word uitgelig deur die lees van die storie oor Thabo se

eerste dag op skool, hoe dit verloop het en sy gevoelens word gedeel. Daarna is die storie bespreek asook wenke oor hoe om ander mense se emosies in ag te neem en te interpreteer. So byvoorbeeld het N goed met die storie van die seuntjie Thabo geassosieer en kon sy sy gevoel weergee naamlik dat hy hartseer en alleen voel, omdat hy nie verstaan word nie.

Verder was daar deur die bespreking van prente bewustheid van gevoelens ontwikkel ten opsigte van ander persone se gevoelens soos gesigsuitdrukkings en ander lyftaal. Die respondente was baie oplettend en selfs op die prente kon hulle die detail van gevoelens waarneem en weergee. Die vaardigheid om die betekenis van verskillende gesigsuitdrukkings te verstaan, is aangeleer om empatie te kan betoon asook die vaardigheid om begrip te toon vir alledaagse situasies wat emosies kan ontlok.

Vaardigheid om inligting in berekening te kan bring ten einde te begryp dat `n ander persoon emosioneel anders kan reageer as die respondent self, selfs in dieselfde situasie, word onder hulle aandag gebring. Vaardighede om emosies binne emosionele ervaringe te benoem, ten einde verbaal met andere oor emosies te kommunikeer, is aangeleer.

### 4.5.4 Bestuur van ander se emosies

Bestuur van emosies in andere word as die mees gevorderde komponent van emosionele intelligensievaardigheid beskou. (Vergelyk5 3.8.4.) Hier word verwys na die vermoë om emosies in andere te bestuur deur negatiewe emosies te temper en positiewe emosies te bevorder. Dit moet geskied sonder om die inligting wat hierdeur voorsien word, te vergroot of te onderdruk. Verder is dit die vaardigheid om effektief met betrekking tot emosionele aspekte met andere in interaksie te tree (Blom, 2004a:29). Vir kleuters is dit `n baie gevorderde komponent.

Soms verbloem mense hul gevoelens en dan moet daar na ander tekens gesoek word soos om na die liggaamsreaksies te kyk. Deur mimiek het die respondente liggaamsreaksies en optredes van emosies goed weergegee. Die respondent neem spontaan deel en kon nie hulle beurt afwag nie. Daarna was daar op die video gekyk na hul optredes en die respondente lewer opgewonde kommentaar en kon leer van hulle eie

reaksies. Maniere was verken hoe iemand se ware gevoelens soms onderdruk en weggesteek word.

Verder is die respondente gehelp om te verstaan dat teenstrydige emosies gelyktydig beleef kan word. Hiervoor was die hasiehandpop gebruik om die storie te vertel, waarna gevoelens bespreek is. Die respondente se empatiese vaardighede is hierdeur bevorder en hulle het so meegeleef in die hasie se situasie en sy gevoelens gedeel dat veral die dogtertjies amper gehuil het. Die respondente verstaan gevoelens en openbaar insig in die hantering en verwerking daarvan. Selfwaarde kan alleenlik groei indien respondente erkenning geniet vir aktiwiteite of gedrag wat hulle suksesvol bemeester. Schoeman (1996:68) meen dat die fasiliteerder wat die kleuter onvoorwaardelik ondersteun en aanvaar, die kleuter se dialoog met die omgewing inisieer en eie selfaanvaarding bevorder.

Applaus-applaus is `n goeie bemeesteringstegniek vir respondente. (Vergelyk 3.6.7.) `n Verdere bemeesteringstegniek wat gebruik was, is tasbare simbole soos die druk van stempels, sterretjies of kroontjies wat op die respondente geplaas is.

Bekragtiging beteken om emosies van andere te aanvaar, te begryp en te vertroetel. Blom (2004a:18) meen dit sluit onder andere in die aanvaarding van die ander persoon se emosies; asook die identifisering van die respondente se emosies. Dit behels ook om aan te bied om te luister; hul eie emosies te benoem; en die betoon van `n aanvaardende en nie-veroordelende gesindheid teenoor die respondent se emosies.

“Ek weet wie ek is” soos in sessie twaalf behandel, het die respondente gehelp om hulle eie sterkpunte en swakhede ten opsigte van emosionele intelligensievaardighede te verstaan en te aanvaar. Met “skilpad se wonderflits” kyk die respondente na hulself van binne, na dit waarvan die respondente van hou en nie van hou nie, sterk- en swakpunte van eie en ander respondente en hoe hulle harte die meeste van die tyd voel.

Deur die maak van medaljes met elke respondent se naam daar op, is geleer dat elke mens vir God `n unieke wese is en elkeen vir Hom die beste is. Elke respondent het die

geleentheid gekry om negatiewe kommentaar omtrent hulself te hoor en te beleef. Daarna het hulle gehoor wat elkeen spesiaal maak.

Botha et al. (2001:304) beklemtoon dat spel `n kleuter se emosionele welsyn en ontwikkeling bevorder. Genot is tydens die intervensieprogram verkry deurdat respondente die gevoel van bemeestering ervaar het. Deur die intervensieprogram is die respondente se bewustheid van eie emosies en selfbewussyn ontwikkel. Dit beteken dat daar identifisering en benoeming van die respondente se emosionele toestand plaasgevind het om die skakel tussen emosies, denke en aksie te verstaan. (Vergelyk 2.3.3.) Selfregulering, met ander woorde die bestuur en beheer van die respondente se emosionele toestand, het plaasgevind. Motivering wat dien as die dryfveer om iets reg te kry om suksesvol te wees, is bevorder. Dit gee aanleiding tot optimisme.

**4.6 Samevatting en slotopmerking**

Kennis wat verkry is uit die literatuurstudie oor hoe die gedrag van kleuters vanuit die gestaltbenadering deur middel van spelterapeutiese tegnieke is, is gebruik om die empiriese studie te loods.

Die agt voorskoolse kleuters van die Houtkapper speelgroep te Heidelberg was as respondente by die studie betrek. Die navorser het die kwantitatiewe benadering in terme van gestruktureerde waarneming aan die hand van `n selfontwerpte meetinstrument gebruik.

Data was ingesamel deur waarneming tydens die intervensiesessies asook deur `n waarnemingsinstrument wat voor en na die intervensies deur beide ouers en die navorser voltooi is. Die waarneminginstrument het bestaan uit nege oop vrae en agt en veertig geslote vrae. Die antwoorde op die oop vrae was baie subjektief en uiteenlopend van aard; tog het dit waardevolle inligting aangaande die respondente bevat en is kennis omtrent hulle verbreed.

Die terapeutiese intervensieprogram wat gevolg is, is die program wat deur Blom et al. (2004:16-48) ontwikkel is vir laerskoolkinders se emosionele intelligensie. Dit is aangepas

vir kleuters en is tesame met die program en werkboeke (2004a) van "Wisechild: Foundation for the Development of emotional intelligence in children", in die studie gebruik.

Volgens Blom (2004a:7) bestaan emosionele intelligensie uit verskillende komponente naamlik persoonlike en interpersoonlike komponente.

Persoonlike komponente verwys na aspekte wat te doen het met die kleuters se emosionele verhoudings met hulleself, dus:


- selfbewussyn; en
- emosionele bestuur en beheer.

Interpersoonlike komponente verwys na aspekte wat te doen het met kleuters se emosionele verhouding met andere dus:

- empatie; en
- die bestuur van andere se emosies.

Aan die einde van die emosionele intelligensievaardigheidsprogram kon daar by al agt respondente goed ontwikkelde emosionele intelligensievaardighede soos deur die literatuurstudie omskryf is, waargeneem word. (Vergelyk 2.3.6.)

Figuur 4.6 : Emosionele Intelligensievaardighede – Totaal n=8



Figuur 4.6 bevat die opsommende resultate van die voor- en natoets. Die emosie van "geluk" het met die voortoets `n resultaat van 80,1 persent getoon en met die natoets was die resultaat 83,6 persent, `n verhoging van 4,4 persent. Die emosie van "bang" het die minste gemiddelde styging getoon van al die emosies naamlik 1,2 persent. Die resultate van die voor- en natoets was onderskeidelik 77,9 persent en 78,9 persent. "Kwaad" het `n totale verbetering van 6,1 persent getoon, die voortoets het `n resultaat van 79,6 persent en die natoets 84,5 persent getoon. "Hartseer" het `n gemiddelde van 81,7 persent vir die voortoets behaal en 87,1 persent met die natoets. Dus `n verbetering van 6,6 persent. Die emosie van "empatie" het die grootste gemiddelde verbetering, naamlik 8,3 persent, getoon. Die voortoets se resultate was 71,1 persent en die natoets 77,0 persent. Volgens die data het die vaders die emosionele intelligensievaardighede van die respondente met die voortoets as 78,9 persent geëvalueer. Die natoets se persentasie was 80,9 wat `n verbetering van 2,5 persent aandui. Die moeders het die respondente op 74,5 persent met die voortoets geëvalueer en met die natoets op 76,6 persent wat `n verhoging van 2,8 persent is. Die respondente het hulleself gemeet op 80,7 persent en 88,9 persent vir voor- en natoets onderskeidelik. Dit verteenwoordig `n verbetering van 10,2 persent. Die gemiddeld van die drie waarnemers vir die voortoets was 78,0 persent en die natoets 82,1 persent wat `n algehele verhoging van 5,3 persent verteenwoordig.

In hoofstuk vyf word daar aandag gegee aan die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings van die navorsing.